

Hoofstuk van die dag: 2 Korintiërs 3

> *Julle is self ons aanbevelingsbrief, geskryf op ons harte, vir almal om te lees en te verstaan. (2 Kor 3:2)*

Paulus is hier besig om sy apostelskap te verdedig teenoor hulle wat ná hom in die stad aangekom het met

aanbevelingsbriewe uit hulle vorige werkkring (vers 1). Teen dié flambojante “apostels” wat met groot vertoon die mense op hol gehad het en dit vir geld gedoen het (2:17), het Paulus se aanspraak maar sleg afgesteek (in 11:20 e.v. kom hy weer na hierdie kwansuise apostels terug). Die stelling wat hy maak, is dat sy gesag nie in getuigskrifte van ander mense lê nie, maar in die vrug op sy arbeid. Die gelowiges in Korinte is die bewys van sy gesag as apostel – die Gees werk immers in hulle harte. Hy haas hom om by te voeg dat dit nie sy eie prestasie is nie. Die vrug op sy werk onder hulle is aan God te danke (vers 5-6).
Paulus het nie in die slaggat getrap waarin ’n mens maklik kan val as jy oor jou eie prestasies praat nie. Hy het nederig gebly, erkentlik teenoor God, in wie se diens hy gestaan het. Beskeie, en in diep afhanklikheid van God; dís hoe ons moet leef.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026